AKADEMIE

GRAAD 4 - 7

Die leerders by Laerskool Elarduspark se akademie, emosionele en geestelike vorming is die kern van ons onderrig. Ons doelwit op akademiese gebied is om:

Leerders voor te berei vir die toekoms

Hoë akademiese standaarde te stel en te handhaaf

Leerders tot hul volle potensiaal te ontwikkel

Kritiese denke en selfstandige leer te ontwikkel

ROL VAN DIE ONDERWYSER

Wees toegewyd, gemotiveerd en entoesiasties

Deeglike beplanning en voorbereiding

ROL VAN DIE OUER

Kontroleer daagliks u kind se huiswerk, indien enige en teken dit af. Maak seker dat u, u kind se toetse sien en teken. Spreek hom/haar aan oor die verantwoordelikheid ten opsigte van huiswerk en die afskryf daarvan. Wees betrokke maar moet nie vir die leerder alles doen nie!

KLEIN GROEPIE WISKUNDE

Wiskunde onderrig is 'n prioriteit by Laerskool Elarduspark en daarom wil ons elke Lardie toerus met die beste kennis deur kwaliteit onderrig. Hierdie doel kan slegs bereik word deur aan elke leerder intensief aandag te gee en so die behoefte van elke leerder aan te spreek. Kleingroeponderrig in wiskunde is ingefaseer in 2017 vir Graad 6 en 7 & vir Graad 4 en 5 in 2018. Tydens wiskunde periodes verdeel die voogklasse in twee kleiner klasse van ongeveer 16 leerders.

Die voordele hieraan is gou duidelik sigbaar. Elke leerder kry daagliks individuele aandag en probleme kan vroegtydig geïdentifiseer word. Inskerping van wiskundige begrippe word daagliks ingeoefen. Leerders het groter vrymoedigheid om in die klas deel te neem. Tegnologie soos dataprojektors spinnekoppe en internet toegang in elke klas, maak lesse interaktief, opwindend en interessant. Die wiskunde onderwysers werk nou met mekaar saam om seker te maak dat leerders nie verwar word met verskillende onderrigmetodes nie en dat kennis konsentries uitgebrei word van Graad 4 - 7.